ADVERTENSIES

STEYNEGROETE

STEYNTJIENUUSBRIEF 22

Tel: 011 902 4904 / 4726
Faks: 011 902 5502
e-pos: presteyn@mweb.co.za

29 Junie 2017

AKADEMIE

RAPPORTE

Dit is môre 'n gewone skooldag met **skoolklere** en dan sluit die skool om **10uur.**
Rapporte word tussen **09:30** en **10:00** uitgedeel.

- **Geen rapporte kan vroeër uitgedeel word nie!**

Ons vra dat u asb u vakansiereëlings hiervolgens sal tref!

LW! Rapporte van leerders wat nie by die skool is nie kan in die area langs die kantoor afgehaal word slegs **vanaf 10:00** tot **10:10. Niks later nie!**

Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.

SKOOL SLUIT

Die skool sluit môre, 30 Junie, **om 10:00 (10 uur)** en heropen weer op **24 Julie 2017** vir die derde kwartaal.

Reis veilig indien u weggaan en rus goed uit !!

☺ ☺ ☺ ☺ ☺ ☺ ☺ ☺ ☺ ☺

SPORT

KRIEKET

Sterkte aan ons 0/11 en 1e spanne met jul Superreeks te Jubaweni. Laat jul kolwe hard praat!!!

Die res van die seuns moet hard oefen met die oog op die liga wat in die 1e week van Augustus begin.

ALGEMEEN

0/9 – 11 speel met 'n 113 gram en 0/12 + 13 met 'n 135 gram bal.

DRAG:

0/9 tot 2e : Wit lang of skoolkouse, wit kortbroek, skool T-kraaghemp, Skool Blou Pull over en skoolpet.

1e span : Lang wit/beige broek en res soos bo.

- Kan aangekoop word by Bradmans sport Alberton.
- Krieketklub : Kontakpersoon, Juan le Maitre, 082 4455210

LANDLOOP

Baie dankie aan die massa leerders wat gister aan die Superreeks deelgeneem het. Julle was ysters!

Die volgende landlopers het plekke onder die 1ste 10 behaal.

1.	Ashleigh v Wyk	2e	D 0/9
2.	Jacobus Pelser	4e	S 0/9
3.	Brendon Oosterloo	5e	S 0/9
4.	Kara Lubbe	2e	D 0/10
5.	Danielle de Beer	9e	D 0/10
6.	Jean Lubbe	4e	S 0/10
7.	Kayla Oosthuizen	3e	D 0/11
8.	Sheldon v Wyk	3e	S 0/12
9.	Nicole Jacobs	9e	D 0/13
10.	Estian Bruinjs	10e	S 0/13

12 Skole het deelgeneem. So geluk aan almal met puik prestasies.

HOKKIE

Sterkte aan Charlize Viljoen 0/13 wat Oos-Gauteng verteenwoordig by die Nasionale Toernooi. Geniet dit!

DERDE KWARTAAL

HOKKIE OEFENTYE

0/7 + 0/8	13:10 -14:00	Pres Steyn	Dinsdae **tot** Donderdae
0/9	14:00 -15:30	H/S Alb -C veld	Dinsdae **tot** Donderdae
0/10	14:00 -15:30 14:30 – 16:00	H/S Alb -C veld	Dinsdae **en** Woensdae Donderdae
0/11	14:00 – 15:30 14:30 – 16:00	H/S Alb -B veld	Dinsdae **en** Woensdae Donderdae
0/12 + 0/13	14:00 – 15:30 14:30 – 16:00	H/S Alb A-veld	Dinsdae **en** Woensdae Donderdae

RUGBY

Geluk aan **Marco van Staden** wat opgeneem is in die **Goue Leeus** 0/13 15-tal. Trots op jou seun!

Sterkte dan ook aan Stephan v Deventer wat ten spyte van 'n besering ook die 0/12 toernooi gaan bywoon.

Mag jul dit geniet en wys terugkom.

Gedagte

Elke môre het twee handvatsels
Jy kan dit of aanvat met Vrees
Of met Geloof

HENRY WARD BOUCHER